

Sing vooraf staande: Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:15 (p. 147)

- 15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 51:4
(p. 261):*

Wet

Psalm 51:4 (p. 261)

- 4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, /verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande — / ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 119:29 (p. 592)

- 29 Laat hul weer met my vergader / wat u Naam van harte vrees,
dat ons, in u woord verenig, een gemeenskap weer kan wees.
Laat my hart maar net opreg wees / voor u oog wat alles sien,
dan sal my geen skaamte^oorkom nie / as ek U van harte dien.

Skriflesing: Genesis 38

Teks: Genesis 38:25

**Terwyl sy uitgebring word, laat sy haar skoonvader dit weet: By die man aan wie
hierdie dinge behoort, is ek swanger. En sy het gesê: Kyk tog mooi aan wie
hierdie seëlring en bandjies en staf behoort.**

(Genesis 38:25 AFR1953)

Martin Luther het hierdie hoofstuk gelees en daarna verstom gevra waarom God die Heilige Gees so
'n skandelijke hoofstuk in die Bybel laat opteken het.

- Nadat hierdie kerkreformer met die saak geworstel het, het hy gesê dat God dit laat doen
het om ons daarmee te leer dat niemand van ons op sy eie geregtigheid en wysheid trots kan
wees nie, want dit sou vermetel wees.
- Verder ook sodat niemand van ons in die grootheid van die geweld van ons eie sondes
wanhopig hoef te word nie – daar is vergewing.

Dit is egter nie al nie. Daar is 'n magtige stuk Godsopenbaring in hierdie Bybelgedeelte verskuil.

- Ons word hier geleer van die verderflike invloed wat die heidenvolke rondom Israel op hulle gehad het.
- Die Here laat hierdeur deurskemer dat sy volk afgesonder moet word sodat hulle godsdienste bewaar kan bly, want tussen die ander nasies gaan hulle dit verloor omdat daar allerlei verkeerde dinge bykom.

Ons leer in die openbaringsgeskiedenis van Josef dat die Here hom gebruik het om die volk Israel wat toe nog maar net 'n groot familie was, na Egipte toe te laat gaan.

- Die vraag ontstaan dan dadelik waarom dit so moes gebeur dat die uitverkore volk van God onder die Egiptenare moes gaan woon.
- In hierdie Skrifgedeelte leer ons waarom.

Daar is sekere dinge in hoofstuk 38 wat ons dadelik tref.

- Eerstens die feit dat die stukkie geskiedenis gebeur nadat Josef verkoop is.
 - Die dinge wat hier verhaal word, gebeur die hele tyd sedert Josef se aankoms in Egipte, die tyd wat hy in die tronk was, en ook gedurende die tyd wat hy onderkoning geword het.
 - Die hongersnood val ook in hierdie tyd.
- Die tweede feit is dat Juda nie meer by sy familie woon nie.
 - Hy het die huis van sy vader verruil vir die geselskap van die Kanaäniete.
 - Hy maak vriende met 'n man met die naam Hira – 'n man wat sekerlik nie goeie geselskap vir hom was nie.
- Derdens raak Juda ook los van sy godsdienste.
 - Hy trou met 'n Kanaänitiese vrou. Haar naam is Sua.
 - Drie seuns word uit hierdie huwelik gebore. Er, Onan en Sela.

Volgens die gebruik van die Kanaäniete neem Juda vir sy seun 'n vrou – Tamar – ook 'n Kanaäniet.

- Daar skort heelwat met die godsdienstopvoeding van Juda se kinders.
- Ons lees dat Er, sy oudste seun, die Here mishaag het.

Ons weet nie wat die sonde was nie.

- Ons kan afleidings maak, maar seker weet ons nie. Die feit is net dat hy so sondig gelewe het dat die Here hom laat sterf.
- Daar is geen seun om Er se naam voort te plant nie.

Dit was vir die mense van hierdie tyd 'n baie groot saak, want die hele saak van die vader se besittings is in gedrang.

- As daar nie 'n seun is nie, gaan die besittings oor in vreemde hande.
- En die familie sterf uit.

Daarom lees ons van die swaershuwelik in die wette van Moses (Deuteronomium 25:5-10).

- Dit het beteken dat die vrou van die gestorwe broer dan die vrou word van sy jonger broer en dat dié dan aan die vrou kinders moet gee sodat daar 'n seun gebore kan word om die geslag voort te dra.
- So 'n seuntjie wat dan gebore word, kry die broer wat dood is se naam om daarmee die voortbestaan van die naam te waarborg.

Dit gebeur ook in ons Skrifgedeelte.

- Juda beveel sy tweede seun, Onan, om met Tamar te trou.
- Die huwelik is dus heeltemal wettig en daar is niks mee verkeerd nie, want daar was geen kinders nie.

Die wet wat hier in werking tree, het ook daarvoor voorsiening gemaak dat so 'n broer kon weier om met sy broer se vrou te trou as hy nie daarvoor kans gesien het nie.

- Onan maak geen beswaar nie.
- Hy stem in om met Tamar te trou, maar hy weier om kinders by haar te hê.
- Die saak is dan so dat hy haar liggaam wil gebruik om sy begeertes te bevredig, maar dat hy haar in haar vroulike regte tekort doen.

Hieroor word die Here baie kwaad.

- Onan het geweet dat 'n seun uit hierdie huwelik sy broer se naam sal dra, en hy het nie kans gesien dat sy seun sy broer se naam moes hê nie.
- Dan laat die Here Onan ook sterf.
 - Dit is nie 'n natuurlike dood nie.
 - Hier is dit die straf op sy sondes.

Dan sien ons die gevaar in Juda se optrede.

- Die lewe onder die Kanaäniete het hom al ander dinge laat begin glo as wat reg is.
- Volgens wet moet hy nou sy jongste seun met Tamar laat trou.
 - Maar Juda wil nie – hy is bygelowig.
 - Hy glo dat daar een of ander iets met Tamar fout is, daarom het sy sy twee seuns laat sterf.

Met al die gebeure in gedagte, doen Juda Tamar 'n geweldige onreg aan.

- Hy belowe haar dat sy met sy jongste seun mag trou – maar eers later. Die seun is nou nog te jonk.

Daar is baie meer agter hierdie saak as wat ons lees.

- Dit het beteken dat Tamar aan Sela verloof is en dan word sy as 'n getroude vrou beskou terwyl sy eintlik 'n weduwee is.
- Sy mag dan net met 'n rougewaad of weduweeklere rondgeloopt het, en sy moes in haar vader se huis bly.
- Sy mag ook nie met 'n ander man getrou het nie.

Dit was 'n swaar straf vir Tamar.

- Dit het ook gou vir haar duidelik geword dat sy kinderloos en ongetroud deur die lewe sou moes gaan, want Sela is intussen al groot en daar word nie aan haar reg gedoen nie.

Hierdie Tamar wou nie trou om haar liggaam te bevredig nie.

- Daar was iets anders by haar – sy wou graag in die uitverkore volk ingelyf word.
- Dit was die enigste rede waarom sy 'n seun wou hê.
- Sy het blykbaar 'n goeie insig in die godsdiens van Jakob en sy huis gehad.

Maar Tamar het haar skoonvader ook goed geken.

- Blykbaar was hy 'n man wat nie heeltemal sonder 'n reputasie was nie en wat ook nie meer sy Israelitiese godsdiens suiwer beoefen het nie.
- Daarom val sy in by die godsdiens van die Kanaäniete – sy doen twee dinge wat volgens hulle geloof reg is.
 - Die eerste is dat sy haar vermom soos 'n hoer – in hierdie tyd was daar baie van hulle.
 - Hulle was aanbidders van Astarte, die godin van liefde – dit was vir hulle 'n godsdiens en dit was 'n groot erns.
 - Die tweede is dat die Kanaäniete ook soos die Jode die swaershuwelik gehad het, maar hulle het dit verder gevoer.

- Hulle het gesê dat die vrou se skoonvader met haar moet trou wanneer die seuns nie 'n seun by haar het nie.
- Daarom beplan Tamar die saak met Juda.

Intussen sterf Tamar se skoonmoeder en haar skoonvader word 'n wewenaar.

- Sy kry ook 'n boodskap dat hy sy skape gaan skeer.
- Dit het beteken dat Juda in 'n baie vrolike bui sou wees, want die skeerderij van die skape was vir hulle 'n feesgeleentheid – die drankies was maar beskikbaar om die manne krag te gee vir die skeerwerk!

Tamar trek haar weduweeklere uit en vermom haar soos 'n onkuise vrou. Sy gaan wag op die pad waar Juda moet verbykom.

Dan leer ons Juda in sy swakheid ken.

- Hy trap netjies in die strik wat vir hom gespan is.
- Tamar is slim genoeg om 'n pand vir hierdie owerspel te eis.

Sy het goed genoeg geweet dat die straf in daardie tyd vir so 'n oortreding van 'n weduwee die doodstraf is.

- Sy sou eers met klippe gestenig word, en dan sou haar liggaam verbrand word.
- Sy het ook geweet dat die wet leer dat haar man en haar skoonvader die vonnis oor haar moes uitspreek.
- Verder het sy ook geweet dat die man – as hulle uitvind wie hy is – saam met haar moes sterf.

Daarom eis sy Juda se seëlring, bandjies en sy staf.

- Dit was vir 'n Kanaäniet die waardevolste besittings wat hy gehad het.
- Daarsonder was hy 'n bespotting.

Die saak het uitgelek en daar is aan Juda berig dat sy skoondogter swanger is.

- Dadelik sien hy sy kans om haar uit die weg te ruim.
- Sonder om te aarsel beveel hy dat sy verbrand moet word.

Dan breek die groot oomblik aan.

- Tamar word uit die stad uitgelei om doodgemaak te word.
- Al die mense staan rondom haar, want hulle moet help stenig.
- Juda is ook daar – hy moet daar wees wat as die regter die vonnis voltrek.

Dan haal Tamar die pand uit.

- Sy mag as 'n vrou – en daarby as 'n veroordeelde – nie haar mond oopgemaak het nie, maar sy het iemand anders by haar wat die praatwerk doen.
- Op hierdie kritieke en gespanne oomblik haal die man die seëlring en bandjies en staf van Juda daar voor al die mense uit.
- Dit gee hy vir Juda terwyl almal kyk en hy vertel dat dit aan die vader van haar kind behoort.

U kan u voorstel, geliefdes, hoe al die mense meteens naderkom om te sien wie die man is. Want hy sal nou onder hulle uitgehaal moet word en saam doodgemaak word.

Dan die skok. Die goed behoort aan Juda!

- Hy kon op daardie oomblik seker gesterf het van skaamte, want meteens is dit aan almal duidelik dat hy in die geheim owerspel gepleeg het, terwyl hy hom as 'n wewenaar moes gedra het.
- Die hele storie van die slapery by die hoer na die skaapskeerdery kom nou in die volle daglig tot almal se ore in die oopte!
- Hy moes verduidelik waarom alles gaan en Tamar het seker ook kans gekry om te praat.

Dan bely Juda sy sondes. Hy het Tamar gruwelik verontreg.

- Nou begryp almal waarom Tamar so opgetree het. Sy wou te kenne gee dat sy in haar huweliksregte tekort gedoen is.
- Ter wille van die bedoeling van die saak word die straf dan nie uitgevoer nie.

Juda het Tamar daarna blykbaar in sy huis geneem maar hom van haar onthou.

- Uit hierdie gebeurtenis word daar 'n tweeling gebore.
- Die een se naam is Peres omdat hy eerste gebore word.
- Hierdie Peres is een van Dawid, en daarom ook een van die Here Jesus Christus, se voorvaders.

Hierdie gedeelte leer ons van die wil van God met die lyding en vernedering van die Here Jesus Christus.

- Ons bely in die Heidelbergse Kategismus dat die “neerdaling van Christus na die hel toe” sy hele lyding dwarsdeur sy lewe was, met die dieptepunt die laaste oomblikke aan die kruis.
- Ons kry die begin daarvan al hier by Tamar.
 - Die Here wil dat Christus uit die stam van Juda gebore moes word.
 - Juda het ander seuns en kleinseuns ook – maar God wil juis dat Hy uit Peres gebore moes word wat deur bloedskande en hoerery verwek is.
 - Dit is deel van Christus se vernedering dat Hy uit 'n baie swak familie kom.

Die ergste skandes kom voor onder die mense wie se name in sy geslagsregister staan.

- Ons kan saam met Tamar nog drie vroue van dieselfde aard noem.
 - Dink maar aan Ragab die hoer,
 - aan Rut wat ook die swaershuwelik aangegaan het, en
 - aan Batseba met wie Dawid owerspel gepleeg het, waarop die twee haar man vermoor het om die skande te bedek.

Daarom leer ons hier die geweldige waarheid:

- Geen mens het iets uit homself om hom in te roem nie. Ons het almal 'n Juda- en Tamarslewe.
- Maar aan die ander kant hoef ons ook nie by die besef van die geweldige grootheid van ons sondes te versink nie.
- Nee, soos wat daar vir Juda vergifnis vir sy skanddaad en vir Tamar verlossing van die dood was, en vir haar kinders, het daar juis daardeur ook vir ons verlossing gekom.
- Uit hierdie gespaarde geslag is die Christus gebore wat onuitspreeklike smart en eensaamheid en die dood moes deur vir ons redding.

Direk na die geboorte van Tamar se tweeling het Juda die Kanaäniete verlaat en teruggekeer na Jakob en sy familie toe.

- Daarna vind die koringkoperij plaas en dan die trek na Egipte toe.
- Die Here leer ons hier dat ons nie moet roem in ons eie krag nie.
- Elkeen van ons se hande is swart van die sondes.

- Maar dit beteken nie dat ons verlore gaan nie.
- God is genadig en wanneer ons berou het, vergewe Hy ons al hierdie sondes.

Maar daar is nog iets.

- Waak daarteen dat jy met mense meng wat jou van God vervreem.
- Mense wat jou allerhande gewoontes leer wat jou oë toemaak vir die sondes sodat jy later daaraan deelneem sonder dat jy dit raaksien en sonder dat dit jou hinder dat jy sondig.

Dan het dit ook betekenis vir hierdie tyd waarin ons nou leef.

- Kersfees is oor bykans twee maande. Kersfees wat vir ons 'n fees met valse waardes geword het.
- Die datum en dag van die geboorte van Christus word nie in die Bybel gegee nie, want dit is nie belangrik nie.

Die eerste Christene het self Kersfees ingestel en hulle het gekies vir die 25ste Desember omdat dit die tyd was waarop die Griekse heidene die sonfees gevier het.

- Hierdie fees het net bestaan uit uitspattige sondes.
- Met die instelling van hierdie wêreldkersfees het ons Christene die werklike Kersfees misgekyk.
- Ons maak dit 'n dag van vreugde, geskenke, dronkenskap en wêreldse plesier.

Dit, terwyl die werklike Kersfees 'n Tamarsdag was – 'n dag van onuitspreeklike smart.

- Die Seun van God het in die wêreld gekom, terwyl Hy voor sy geboorte al gediskwalifiseer was deur die wêreld.
- Eerstens het sy familie en sy geslagsregister teen Hom getel.
 - Niemand wou 'n Christus hê wat uit 'n geslag van veragtelike hoere en skelms gebore is nie.
 - Die wêreld wou 'n Christus in heerlikheid hê – soos ons verkeerdelik Kersfees vier.
- Verder was daar 'n paar diere rondom Christus om Hom hulde te bring as die Seun van God wanneer Hy gebore word. Die skare van die wêreld was nie daar nie. Dit was 'n smartoomblik – 'n Tamarsmoment. Die vir wie se verlossing Hy gekom het was almal afwesig.

In die geheim kry die Here Jesus 'n erebesoek van Oosterse wyses.

- Dit moet stilgehou word, want as hierdie huldeblykie uitlek, sterf die Seun van die hoogste God. Weer 'n Tamarsoomblik.
- Dan kom die skaapwagters. Die eenvoudiges. Die wat in gebrek aan weelde en luukse kom. Arm.

Hierdie skandes van die wêreld wat verlos sou word deur hierdie Seun van God is veel groter as Tamar en Juda se sondes.

- Dit is 'n veel swarter gebeurtenis.
- Dan moet hierdie Kind nog na die heidene in Egipte toe vlug vir sy lewe want die vir wie Hy gekom het, vermoor alle kinders om seker te maak dat Hy ook sal sterf.

Verwag Christus nou met vrees en bewing, want Hy is nie nou meer die Man van smarte nie.

- Hy is nou die God wat in heerlikheid oor die dood en die lewe regeer.
- Hy is nou die God van oordeel. Sy liefdeswerk is klaar.

As Hy nou kom, kom Hy op die wolke om te oordeel oor elkeen en sy werk.

- Om die wat glo en wat berou het oor hulle ongeregtigheid by Hom te versamel.
- Om die wat dankbaar is dat Hy so verneder is dat Hy uit Tamar die owerspelige gebore is, om daarmee God se vloek te dra wat ons toekom, in blydschap voor God te stel.

Moenie op sondeloosheid roem nie – dit is vals.

- Ons lewe almal soos Tamar en Juda.
- Maar, soos hulle, moet ons ook nie in sondes bly lê nie. Ons moet met berou en bekering daaruit wegbeweeg.

Die Here Jesus Christus is juis so verneder voor sy geboorte al sodat daar vir elkeen van ons vir al soortgelyke en ander sondes vryspraak en vergewing van al ons sondes kan kom.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 18:11 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 November 2010